SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2018

# LEWENSWETENSKAPPE V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

## BEGINSELS MET BETREKKING TOT DIE NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op nasien wanneer die maksimum punte bereik is, trek ŉ kronkellyn en skryf 'maks' in die regter kantlyn.

2. **Indien, byvoorbeeld, drie redes gevra is, maar vyf is gegee**
Sien die eerste drie na, ongeag of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.

3. **Indien die hele proses gegee is, terwyl slegs ŉ gedeelte daarvan gevra is**
Lees en krediteer die relevante gedeelte.

4. **Indien vergelykings gevra word, maar beskrywings word gegee**
Aanvaar indien verskille/ooreenkomste duidelik is.

5. **Indien tabulering gevra word, maar paragrawe word gegee**
Kandidate sal punte verbeur omdat hulle nie getabuleer het nie.

6. **Indien diagramme met byskrifte gegee is, terwyl beskrywings gevra is**
Kandidate sal punte verbeur.

7. **Indien vloeidiagramme gegee word, in plaas van beskrywings**
Kandidate sal punte verbeur.

8. **Indien volgorde verwarrend(deurmekaar) is en skakels nie sin maak nie**
Waar die volgorde en skakels korrek is,krediteer. Waar die volgorde en skakels nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As volgorde en skakels weereens korrek is, krediteer verder.

9. **Nie-erkende afkortings**
Aanvaar indien dit aan die begin van die antwoord omskryf is.Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer wel die res van die antwoord indien dit korrek is.

10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoord inpas by die korrekte volgorde van die vrae, maar dit is verkeerd genommer, is dit aanvaarbaar.

11. **Indien die taal wat gebruik is, die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.

12. **Spelfoute**
Aanvaar indien dit herkenbaar is, mits dit nie iets anders in Lewenswetenskappe bteken nie of nie buite konteks gebruik is nie.

13. **Indien gewone name in terminologie gegee is**
Aanvaar, as dit by die memo bespreking aanvaar is.

14. **Indien slegs die letter gevra is, maar die naam is gegee (en omgekeerd).**
Moenie krediteer nie.

15. **Indien eenhede nie in mates/afmetings gegee is nie.**
Kandidate sal punte verbeur. Nasienriglyn sal punte afsonderlik vir eenhede toeken.

16. **Wees sensitief vir die betekenis van ʼn antwoord wat dalk op verskillende maniere aangebied kan word.**

17. **Opskrif**
Alle illustrasies (diagramme, grafieke, tabelle, ens.) moet ʻn opskrif hê.

18. **Vermenging van amptelike tale (terme en konsepte)**
ʼn Enkele woord, of twee, in enige ander amptelike taal as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied is, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. ʼn Merker wat vaardig is in die betrokke amptelike taal moet geraadpleeg word. Dit geld vir alle amptelike tale.

**Veranderinge aan die nasienriglyn**

19. Geen veranderinge mag aangebring word aan die nasienriglyn sonder dat die eksaminator geraadpleeg is nie.

## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B ✓✓ | | |
| | 1.1.2 | B ✓✓ | | |
| | 1.1.3 | B ✓✓ | | |
| | 1.1.4 | C ✓✓ | | |
| | 1.1.5 | D ✓✓ | | |
| | 1.1.6 | B ✓✓ | | |
| | 1.1.7 | B ✓✓ | | |
| | 1.1.8 | D ✓✓ | (8 x 2) | (16) |
| 1.2 | 1.2.1 | chromoplaste ✓✓ | | |
| | 1.2.2 | lisosome ✓✓ | | |
| | 1.2.3 | katabolisme ✓✓ | | |
| | 1.2.4 | parenchiem ✓✓ | | |
| | 1.2.5 | gene ✓✓ | | |
| | 1.2.6 | floeëm ✓✓ | | |
| | 1.2.7 | ensieme ✓✓ | (7 x 2) | (14) |
| 1.3 | 1.3.1 | slegs B ✓✓ | | |
| | 1.3.2 | slegs A ✓✓ | | |
| | 1.3.3 | slegs A ✓✓ | | |
| | 1.3.4 | slegs B ✓✓ | | |
| | 1.3.5 | slegs B ✓✓ | | |
| | 1.3.6 | Beide A en B ✓✓ | | |
| | 1.3.7 | slegs B ✓✓ | (7 x 2) | (14) |

1.4 1.4.1 (a) stysel ✓

(b) vette en olies ✓ (2)

1.4.2 Benedict-oplossing/Fehling A en Fehling B ✓ (1)

1.4.3 (a) blou-swart ✓

(b) blou-groen-oranje ✓

(c) violet/roos-pienk ✓ (3)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 **A**: motoriese neuron ✓
**B**: Bloedweefsel ✓ (2)

2.1.2 **3** – akson ✓ (1)
**4** – miëlienskede ✓ (1)
**8** – witbloedselle/witbloedliggaampies/leukoplaste ✓ (1)
**10** – rooibloedselle/rooibloedliggaampies/eritrosiete ✓ (1)

2.1.3 Gelei impulse van die brein na die effektororgaan ✓ (1)

2.1.4 (a) 10 ✓ (1)

(b) 8 ✓ (1)

2.1.5 Organisme sal in staat wees om stimuli (prikkels) ✓ (klank, reuk, ens) vanuit die omgewing waar te neem, maar sal nie daarop kan reageer ✓ om homself so gou moontlike teen besering te kan beskerm nie. ✓ (3)

2.2 2.2.1 **1**: wortelhaar ✓
**2**: epidermis ✓ (2)

2.2.2 (a) 5 ✓
(b) 6 ✓
(c) 7 ✓
(d) 4 ✓ (4)

2.2.3
- groot oppervlakarea ✓ versnel osmose ✓
- dunwandige selle ✓ maklike diffusie oor membraan ✓(Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 Nee. ✓ Funksie van kutikula is om waterverlies te beperk. ✓ Wortel moet water absorbeer, dus sal dit nie hierdie funksie moontlik maak nie. ✓ (3)

2.2.5 Aangesien die wortelhaar die oppervlakarea vir maksimum absorpsie vergroot, sal minder water en minerale deur die wortel geabsorbeer word ✓ en dus sal die groei en funksionering ✓ van die plant beïnvloed word. (2)

2.3 2.3.1 Sade sal beter in sonlig ontkiem as in donkerte ✓

**OF**

Sade sal beter in donkerte ontkiem as in sonlig ✓

**OF**

Sade sal ewe goed in sonlig en in donkerte ontkiem ✓ (2)

2.3.2 (a) onafhanklike veranderlike: sonlig ✓
(b) afhanklike veranderlike: aantal sade wat ontkiem ✓ (2)

2.3.3 Hoeveelheid grond, grootte van die potte, aantal sade ✓✓
Hoeveelheid water ✓ (Enige 2) (2)

2.3.4 Herhaal die ondersoek/eksperiment ✓
Vergroot die monstergrootte ✓
Plaas meer sade in elke pot ✓ (Enige 2) (2)

2.4 2.4.1 Transpirasie is die verlies van water in die vorm van waterdamp deur die bogrondse dele van 'n plant ✓ (2)

2.4.2 Soos die temperatuur toeneem, ✓ neem die transpirasietempo toe ✓ wanneer dit 'n optimum temperatuur ✓ bereik, bly die transpirasietempo dieselfde, (die grafiek plat af) ✓ (Enige 2) (2)

2.4.3 Humiditeit is baie hoog (baie waterdamp in die lug) ✓
Waterpotensiaalgradiënt tussen die binnekant van blaarstomata en die atmosfeer is baie laag ✓
Transpirasietempo daal ✓ / verminder skerp tot 'n minimumvlak (3)

**[40]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 (a) Interfase ✓ (1)
(b) Metafase ✓ (1)


3.1.2 30/225 ✓ x 100 ✓ = 13,3% ✓ (3)

3.1.3
- Groei ✓
- Vervang dooie selle ✓
- Herstel beskadigde selle ✓ (Enige 2) (2)

3.1.4 Aantal selle in interfase = 154
Totale selle = 225 (24 ure)
Tydsduur van interfase = 154 x 24 ✓ / 225 ✓
= 16,4 uur ✓ (3)

3.1.5 Susterchromatiede ✓ word deur die spoelvesels na teenoorgestelde pole ✓van die sel getrek. (2)

3.1.6 Grafiek om totale aantal selle in elke fase te toon ✓




Rubriek: grafiek

| | |
|---|---|
| Tipe grafiek | **1** |
| Opskrif vir grafiek | **1** |
| Korrekte byskrif en skaal vir $x$-as | **1** |
| Korrekte byskrif en skaal vir $y$-as | **1** |
| Plot van punte | 1–4 punte geplot: **1**<br>5 punte geplot: **2** |
| **TOTAAL** | **6** |

(6)

3.2 3.2.1 Bal-en-potjie gewrig ✓
Dra die gewig van die liggaam / ondersteun die onderste ledemate. ✓ (2)

3.2.2 Rooibeenmurg vervaardig rooibloedselle ✓ en witbloedselle ✓ (2)

3.2.3
- Pelviese gordel ondersteun die totale liggaamsmassa ✓
- Twee heupbene is aanmekaar verbind (geheg) ✓
- Geheg aan werwelkolom ✓ (Enige 2) (2)

3.2.4 Heupbene by die vrou is breër/ wyer ✓ om vir die geboorte van kinders te akkommodeer ✓ (2)

3.3 3.3.1 Ligament ✓ (1)

3.3.2
- Onbeweeglike (vaste) ✓ gewrigte
- gedeeltelik beweegbare ✓ gewrigte
- vrylik beweegbare ✓ gewrigte (3)

3.3.3 Gewrigskraakbeen ✓ by gewrig slyt weg(degenereer) ✓
Bene by die gewrig skuur teenmekaar ✓
Klein beenuitsteeksels ✓ vorm/groei (4)

3.3.4 Middeljarige mense: meer jare van verwering en slytasie ✓ van kraakbeen as gevolg van fisiese aktiwiteit ✓ of vorige beserings (2)

3.3.5
- beperkte vermoë ✓ om op die lange duur korrosie(roes) ✓ te weerstaan.
- Kan ystervergiftiging ✓ veroorsaak wat kan lei tot moontlike lewerversaking ✓
- Kan in die liggaam erodeer(verweer) ✓ wanneer dit met liggaamsvloeistowwe in aanraking kom ✓

(gepaste, logiese antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

## VRAAG 4

4.1 Selmembraan

- **Volgens die vloeibare mosaïek model**:✓ Die selmembraan het
- **'n dubbele laag fosfolipied** ✓molekules
- proteienmolekules **beweeg deur** die lae (sommige) ✓
- proteienmolekules **beweeg gedeeltelik deur** (ander)
- Fosfolipiedmolekule het 'n **kop** ✓ **(hidrofiliese** laag wat water aantrek)
- Het 'n **stert** ✓**( hidrofobiese** laag wat water afstoot) (Enige 4)

- Membraan is **selektief deurlatend,** ✓ daarom beheer dit die beweging van stowwe in en uit die sel uit ✓
- **Omsluit en beskerm** ✓ die selinhoud van dierselle (3) **(7)**

Nukleus/Selkern:

- **Rond of ovaalvormige** ✓ liggaam in plant en dierselle
- Bestaan uit **nukleoplasma/kernplasma**, ✓ vloeistof aan binnekant van die **kernmembraan** ✓
- Bevat suikers, ensieme, nukleotiede en ander stowwe.
- **Kernmembraan** omring die selkern en is 'n dubbele membraan met **(kern)porieë** ✓
- Chromatiennetwerk bestaan uit 'n massa drade wat die chromosome vorm (Enige 3)

**Produksie van ensieme** ✓
**Chromosome dra erflike eienskappe** ✓
**Beheer die ingang en uitgang van stowwe na en van die selkern** ✓
(Enige 2) (5)

Mitochondria:

- Word in plant- en dierselle aangetref ✓
- **staafvormig,** ✓ **hol**✓ aan die binnekant
- **dubbele membraan** ✓ omring die organel
- binneste membrane het voue wat **cristae(kristas)** genoem word ✓
- gevul met vloeistof wat die **matriks** genoem word ✓ (Enige 3)

- **Selrespirasie**✓ vind in die mitochondria plaas
- **Kragsentrale** ✓van die sel
- Energie vrygestel tydens selrespirasie word deur **ATP**✓ **gedra**

(Enige 2) (5)

**Inhoud: (17)**

**ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL (Sintese)**

| **Kriterium** | **Relevansie (R)** | **Logiese volgorde (L)** | **Omvattendheid (C)** |
|---|---|---|---|
| **Oor die algemeen** | Alle inligting verstrek is relevant tot die onderwerp. | Idees is in 'n logiese/oorsaak-gevolg volgorde gerangskik | Het alle aspekte, vereis deur die opstel, beantwoord. |
| **In hierdie opstel** | Slegs inligting rakende die selmembraan, selkern en mitochondria is gegee. (Daar is geen irrelevante inligting nie.) | Logiese volgorde van gebeure met die beskrywing van die bou en funksies van die selmembraan, nukleus(selkern) en mitochondria | Bevat voldoende inligting aangaande alle aspekte van die strukture in die vraag, soos **4/7**: selmembraan; **3/5**: selkern; en **3/5**: mitochondria |
| **Punt** | 1 | 1 | 1 |

(3)

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 150**